

1 HOOFSTUK EEN: AKTUALITEIT

In hierdie navorsing word aandag geskenk aan die ontwikkeling van 'n model vir geloofsvorming van die tiener deur middel van simbole en rituele in die verbondsgesin as 'n hermeneuties-pneumatologiese benadering. Die navorsing fokus op tieners omdat dit 'n lewensfase is waarin daar besondere vormingsprosesse plaasvind wat onder andere 'n soeke na eie identiteit, selfstandigheid en geestelike verdieping en volwassewording insluit.

Die verdwyning van die jeug uit die kerk, veral na belydenis van geloof word in 'n ernstige lig beskou. Hierdie studieveld wek wye belangstelling en daar word op verskillende maniere pogings aangewend om die tieners vir die kerk te behou en die afgedwaalde en kerklose tieners vir die koninkryk van God terug te wen. Driel en Kole ([1983]:41) kom reeds in 1982 tot die volgende gevolgtrekking: “... *de religiositeit van jongeren gaat over het algemeen en steeds massaler de buitenkerkelijke en onkerkelijke kant op. Jongeren zoeken: de beleving van gemeenskap, waarachtigheid en verstaanbaarheid in de taal, echtheid van de kerkmensen*”. Volgens hierdie navorsing van Driel en Kole is daar weerstand teen die geïnstansionaliseerde kerk omdat hierdie verwagtings selde voorkom. Driel en Kole ([1983]:41) sê: “*Het gaat dan ook niet om de weglopende jeugd als materialistisch, heidens en ongelovig te karakteriseren. Veeleer zijn de z.g. ongelovigen zoekers, pelgrims op weg naar een ander land, in het voetspoor van nieuwe profeten. Het jeugdpastoraat moet hier zijn kansen grijpen*”.

'n Model moet derhalwe ontwikkel word om die jeug op hul pelgrimsreis in die gemeenskap te ontmoet waar hulle 'n verskil wil en kan maak. 'n Praktiese model moet ontwerp word wat oop is vir aanpassing in die bepaalde situasie van 'n gemeente en gemeenskap. In die model moet veral op die bemagtiging van die tiener gefokus word om in die gesin, gemeente en gemeenskap diens in die koninkryk van God te lewer wat tot geloofsvorming lei. Die verbond van God word as uitgangspunt gebruik om die verhoudingsmatige geloofsbemiddelingsproses op koers te hou. Dit vra 'n besondere insig van kommunikasie deur middel van simbole en rituele wat as kommunikatiewe handeling gedefinieer word om geloof binne 'n pluralistiese gemeenskap te bemiddel. Hall (1998:66-70) meen dat die pluraliteit in die samelewing as normale konteks vir geloofsbemiddeling gesien moet word. Hall (1998:68) beweer: “*It belongs to the normal situation of the church in the world, then, that it represents one faith alternative among many*”. Die invloedssfeer in gemeenskap wat tot geloofsvorming en -bemiddeling kan bydra en dit ook kan teenwerk, moet in die model verreken word. Die model wil geestelike leiers en gesinslede stimuleer om deur geloofsbemiddeling in gesinne tot die geestelike heil in gemeentes en die gemeenskap by te dra. Dit vereis 'n holistiese benadering tot geloofsbemiddeling deur middel van verskillende vakdissiplines se medewerking om op koers te bly en die mikpunt van hierdie navorsing te bereik. Heitink (Ongepubliseerde lesing 2000:1) het tydens sy besoek in Suid-Afrika verwys na die navorser se persoonlikheid en veelsydigheid wat 'n belangrike rol in die navorsing speel: “*Het gaat immers om een combinatie van geesteswetenschappelijk en sociaal-wetenschappelijk onderzoek. In deze combinatie heb je altijd te maken met wijsgerig vooronderstellingen en binnen de theologie komen alle vakken er aan te pas*”.

Die vakke in my opleiding as onderwyser en later as predikant, naamlik volkekunde, geografie, sosiologie, sielkunde, opvoedkunde en spesialisasie in kategetiese kan as aanvullend tot die navorsing oor tiener- en gesinsbediening met 'n gemeenskapsgerigtheid beskou word. Hierdie studierigtings het my gehelp om mense op verskillende maniere waar te neem en te benader. Daarom kan daar met Barton (2001:ix) saamgestem word: *“They gave me some insight into society and culture and the complex interrelationship between culture, belief and sacred texts. They also laid the foundation for my ongoing curiosity regarding the social and symbolic dimensions of human being”*.

Heitink (Ongepubliseerde lesing 2000:1) praat van *“de weg van de onderzoeker”*. Hierdie weg het berge en dale. Soms het die navorsers 'n inspirerende vergeesig, maar die volgende oomblik kan hy weer in 'n diep mistige dal beland met 'n vraag of hierdie weg nog verder kan gaan. Die visie en motivering vir hierdie weg of navorsing, soos in die titel geformuleer, kom uit verskillende wetenskaplike denkrigtings na vore en het nie te make met 'n vae veronderstelling nie. Dit sluit egter nie enige mistige dal op die pad vorentoe uit nie. Daar is 'n bepaalde teologiese kompas, teleskoop, mikroskoop en padkaart nodig om hierdie weg te volg en binne die wetenskaplike kontoere te bly. Daar moet gefokus word op die postmoderne konteks van die tiener, die verbondsgesin en die plaaslike gemeenskap, maar terselfdertyd sal hierdie ondersoek ook 'n bepaalde toekomsgerigtheid insluit om relevant te bly. Die groot uitdaging met geloofsbemiddeling aan die tiener lê op die terrein van die visuele, ervarende en die tot handeling kom. Dit beteken om Jesus Christus in mense se lewens te sien, te hoor en aan te voel om daardeur tot geloofshandeling te kom.